KANOLA

NÓG 'N REKORD-OES

'N REKORD-KANOLA-OES, 'n volle 25% groter as verlede jaar se oes, kan vanjaar afgehaal word as die weer saamspeel. Daarenteen is die verwagte nasionale koringoes vanjaar net 1,78 miljoen ton – amper 5% minder as verlede jaar se 1,87 miljoen ton.

Die Oesskattingskomitee reken in sy eerste skatting vir wintergewasse die nasionale kanola-oes kan vanjaar 139 500 ton beloop teenoor die vorige seisoen se 112 000 ton (die vorige grootste Suid-Afrikaanse kanola-oes). Die groter oes is danksy uitgebreide aanplantings, vanaf 72 165 ha verlede jaar tot vanjaar se 90 000 ha.

Die uitbreidings strook met die sterk en konstante groei in Suid-Afrika se kanola-bedryf die laaste 15 jaar. In 1998 het Suid-Afrikaanse boere sowat 17 000 ha geplant, waarvan 21 000 ton geoes is.

Die kanola-uitbreidings is in teenstelling met die tanende koringbedryf. Die komitee se jongste ramings wys dat koring-aanplantings vanjaar net 468 000 ha beloop, wat heelwat minder is as verlede jaar se 505 000 ha.

Koringaanplantings in die Vrystaat, tradisioneel die grootste koringproduksiegebied ná die Wes-Kaap, bereik vanjaar 'n rekordlaagtepunt. Dit is net 60 000 ha teenoor verlede jaar se 90 000 ha. In 2005 het die Vrystaat se 380 000 ha koring nog die Wes-Kaap se 300 000 ha oortref.

Vanjaar se koringoes behoort net genoeg te wees om in 'n bietjie meer as die helfte van die land se totale binnelandse verbruik van sowat 3,2 miljoen ton te voorsien.

Die afplatting in die Vrystaat se koringproduksie het daartoe gelei dat die Noord-Kaapse besproeiingsgebied met 'n verwagte oes van 285 000 ton nou in die posisie as die land se naasgrootste koringprodusent ingeskuif het. 'n Oes van net 258 000 ton word in die Vrystaat verwag en 914 500 ton in die Wes-Kaap. Die Wes-Kaapse oes is kleiner as verlede jaar se 928 000 ton koring.

– MARLEEN SMITH